GAUTENG PROVINCE
Department: Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DISTRIK: GAUTENG-WES

# AFRIKAANS HUISTAAL
# GEMEENSKAPLIKE VRAESTEL 1

GRAAD 11

NOVEMBER 2016

PUNTE: 70 TYD: 2 uur

*Hierdie vraestel bestaan uit 11 baldsye*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en vyf vrae:

   AFDELING A: Leesbegrip (Vraag 1) 30 punte;
   AFDELING B: Opsomming (Vraag 2) 10 punte;
   AFDELING C: Taal in konteks (Vraag 3, 4 en 5) 30 punte.

2. Beantwoord AL VYF die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek ‘n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar

9. Voorgestelde tydsberekening:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees en kyk na die tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS A: ARTIKEL**

## Deon Meyer: Hou my vas, korporaal!

**Deur Emile Joubert**



1 Die stuk brullende Duitse masjinerie beweeg teen 200 km/h oor die teerpad. Terwyl die tweewielknewel sy krag moeiteloos aanwend, tuit die wind deur my valhelm. Koel lug teen 'n nekvel waarby die dik baadjie nie kan uitkom nie. Die landskap, weet ek, flits vinnig verby. Maar ek sien dit nie. 'n Man se oë moet op die pad bly, iets waarvoor die alomteenwoordige adrenalien sorg. Die element van gevaar en waaghalsigheid word afgewissel deur 'n gevoel van rebelse, stroomop vryheid. Dis die dinge waarop motorfietsryers teer ... *King of the road*.

2 Die man in wie se hande my lewe en diverse liggaamsdele is, is Deon Meyer, romanskrywer, motorfietsfanatikus, joernalis en IT-sakeman, maar teen hierdie spoed stel ek net in Meyer, die Bekwame Motorfietsryer, belang. Hoewel dit einste sy spanningsroman *Proteus* is wat my agterop die brute BMW GS1150 laat beland het – die boek waarmee hy aangewys is as die ATKV se prosapryswenner van 2003. (In 2001 het hy ook dié prys met *Orion* gewen.)

3 Het *Proteus* se held, Tobela Mpayipheli, dan nie juis van Kaapstad af tot in Zambië gejaag op so 'n perd om uit die pekel te kom nie? In 'n oomblik van onverantwoordelike joernalistieke ingewing het ek mos voorgestel Deon neem my op die eerste skof van Tobela se rit. Om die gevoel te kry, jy sien. Van Kaapstad af in die rigting van Worcester, oor die kronkelende Dutoitskloofpas. En nou sit ek hier en bibber en oë toeknyp en prewel af en toe onsamehangende frases van 'n godsdienstige aard.

4 Ons kronkel tussen die motors deur. O, die brose kwesbaarheid van mens op 'n motorfiets en spoed, amper gryp ek Deon om sy middel. Ek dra mos 'n allesvermommende valhelm, of hoe? Ons klim die Dutoitskloofpas darem stadiger uit en ek bewonder die fynbos en die aardse, kruierige geur daarvan.

5 Volgende stopplek: Rawsonville.

6 Ons hou voor 'n eetplek stil. Binne is dit vol oudhede; daar's 'n paar gaste. Ons dik baadjies en valhelms word met agterdog bejeën.

7 Ek en Deon praat daarom liewer oor *Proteus*.

8 "Die boek het 'n swart hoofkarakter gevra. Tobela figureer in my vorige boek, *Orion*. *Proteus* het by Tobela ontstaan. Die verhaal is om hom geweef nadat sy agtergrond in *Orion* uitgelig is."

9 Tobela se agtergrond is so Suid-Afrikaans as kan kom: Die stil seun van 'n Oos-Kaapse predikant raak betrokke by die struggle. Hy sluit hom aan by Umkhonto weSizwe, die ANC se militêre vleuel en word 'n suksesvolle sluipmoordenaar vir die KGB en die Oos-Duitsers – sy voorliefde: om opponente stilletjies met 'n assegaai te deurboor. Met die koms van die nuwe Suid-Afrika word Tobela vergeet. Hy word 'n onopsigtelike gesinsman – totdat daardie "een laaste opdrag" alles beduiwel, die opdrag wat lei tot die motorfietsrit van die Kaap na Zambië.

10 "Ek klim onder Tobela se vel in," sê Deon. "En soos in al my boeke handhaaf ek 'n stram spanningslyn. En jy weet, spanning bly die primêre uitdaging vir 'n skrywer van dié genre. *Proteus* is my mees komplekse roman tot dusver. Die boek loer agter die sluier van die Suid-Afrikaanse intelligensiedienste, die ou swartskoenbrigade, en dié klomp wat met 'n skoon lei wil begin."

11 Hoe het hy die donker wêreld van spioenasiedienste nagevors?

12 "Dis verstommend wat 'n mens alles op die internet kan kry. Daar is baie rekords beskikbaar, maar natuurlik het ek 'n paar persoonlike kontakte opgebou, mense wat betrokke was by intelligensie, ook ANC-*comrades* wat in die buiteland was. Dis mense wat my vertrou." Hy glimlag wrang voor die onvermydelike cliché: "Meer as dit kan ek nie sê nie."

13 Hy skryf elke oggend voor werk van vyf- tot sewe-uur. Net weekdae. "Dis deel van my," sê hy. "Dis 'n oerdrang om kreatief te wees."

14 Deon se werk word wyd gelees: in Engels, Nederlands, Italiaans, Engels, Tsjeggies en Bulgaars. "Die Europeërs vind die karakters, ons landskappe baie eksoties. Snaaks, van al die lande verkoop my boeke die beste in Italië."

15 En die gerugte – Meyer en Hollywood?

16 "Dit klink meer indrukwekkend as wat dit is," sê hy. "Die rolprentbedryf is vol warm lug en grootpratery, glo my. Ja, 'n Amerikaanse vervaardiger het 'n opsie op die rolprentregte vir *Feniks*. Maar dis net 'n opsie."

17 Op pad terug jaag ons verby 'n Golf. Drie jong meisies met sonbrille en wit glimlagte. Van agter die valhelm gee ek hulle 'n koel ysterperdkyk.

18 Maar natúúrlik kyk hulle net vir die ou voor my. Hy draai die enjin oop. Dit brul – al harder en harder.

[Verwerk uit *Insig* van Mei 2003]

1.1 Watter aanduiding is daar in die eerste paragraaf dat die motorfietsryer die wet oortree? (2)

1.2 Kies die KORREKTE woord uit paragraaf 1 om die volgende stelling te voltooi: Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Motorfietsryers wat van spoed en gevaar hou, kan beskou word as _______verslaafdes.

A masjienerie
B teerpad
C adrenalien
D gevaar (1)

1.3 Waarvoor staan die afkortings IT en ATKV in paragraaf 2? (2)

1.4 Verduidelik hoe *Proteus* vir Emile Joubert agterop Deon Meyer se motorfiets laat beland het. (3)

1.5 1.5.1 Verduidelik waarom Emile Joubert agterop die motorfiets "onsamehangende frases van 'n godsdienstige aard" prewel (paragraaf 3)? (1)

1.5.2 Wat is die toon van hierdie laaste sin in paragraaf 3. (1)

1.6 Vir watter moontlike reaksie van motoriste is Joubert bang wanneer hy in paragraaf 4 sê: "Ek dra mos 'n allesvermommende valhelm, of hoe?" (2)

1.7 Waarom, dink jy, bejeën die klante in die eetplek in Rawsonville vir Meyer en Joubert met agterdog (paragraaf 6)? (2)

1.8 Word Meyer se opmerking in paragraaf 8, "Die boek het 'n swart hoofkarakter gevra", letterlik of figuurlik bedoel? Verduidelik. (2)

1.9 Haal EEN woord uit paragraaf 9 aan wat Tobela beskryf as iemand wat nie veel aandag trek nie. (1)

1.10 Watter woord uit paragraaf 10 dui die spesifieke genre aan waarin Deon Meyer skryf? (1)

1.11 Watter bronne het Meyer geraadpleeg tydens sy navorsing vir *Proteus*? (2)

1.12 Wat probeer Deon Meyer aandui as hy in paragraaf 13 sy kreatiwiteit 'n "oerdrang" noem? (1)

1.13 Hoe weet ons dat Meyer se boeke 'n internasionale aanhang het? (1)

1.14 Haal 'n sin uit paragraaf 16 aan wat daarop dui dat Deon Meyer skepties is oor die moontlikheid dat Feniks verfilm sal word. (1)


1.15 Watter aanduiding kry die leser aan die einde van die artikel dat Joubert die terugtog op die motorfiets meer begin geniet? (1)

**[24]**

**EN**

**TEKS B: BOEKOMSLAE**

Bestudeer die volgende boekvoorblaaie en beantwoord die vrae wat volg.




1.16 Wat het die drie boeke in gemeen? (1)

1.17 Watter boek sluit die nouste aan by die artikel in Teks A? Verduidelik jou antwoord. (1)

1.18 Gee die titel van die boek wat in Nederlands vertaal is. (1)

1.19 Hoe weerspreek die aanhalings voor op Feniks en Proteus se voorblaaie mekaar? (1)

1.20 Sal jy graag 'n Deon Meyer roman wil lees? Verduidelik jou standpunt. (2)

**[6]**

**TOTAAL: AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

1. Lees die TEKS C hieronder en maak ‘n opsomming van SEWE wenke wat die lewe meer sinvol kan maak.
2. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ’n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

## Idees vir ‘n sinvoller lewe

Volgens MK Soni, motiveringspreker, verloor die lewe sy betekenis wanneer ons in ‘n gemaksone vasgevang word. Daar is egter maklike en goedkoop maniere hoe jy uit jou gemaksone kan beweeg en sodoende meer waarde aan jou lewe kan toevoeg.

Jy kan by ‘n liefdadigheidsorganisasie soos “Hoop deur Aksie”, of by jou plaaslike Hospice-tak betrokke raak. Raak by jou kerk of kultuurorganisasie se aktiwiteite betrokke. ‘n Mens kan byvoorbeeld gaan lees vir oumense of blindes of help kosmaak en bedien by ‘n sopkombuis. So gee jy van jou tyd, en dit kos jou byna niks.

Waarom lees jy nie ‘n slag boek wat heeltemal buite jou normale belangstellings en voorkeure val nie, of waarom waag jy dit nie om vir ‘n kompetisie in te skryf nie?

‘n Mens word die moegste wanneer jy heeltyd stilstaan, volgens ‘n Chinese gesegde. Reis na ‘n bestemming wat vir jou onbekend is. Jy hoef nie oorsee te reis nie – daar is baie interessante plekke in ons pragtige land om te ontdek.

Daar is mos ‘n gesegde wat lui dat ‘n skip in ‘n hawe veilig is, maar dat dit nie is waarvoor ‘n skip gebou is nie. Ontdek jou verborge talente deur vir ‘n musiek- of kunsklasse in te skryf. Doen dit waaroor jy lankal droom, maar nog altyd te bang of onseker was om te probeer. Jy is nooit te oud of te jonk om iets nuuts te probeer nie, dit is een van die grootste mites wat bestaan.

Ons onthou nie dae nie, ons onthou oomblikke, volgens Cesare Pavese. Gaan doen dus ‘n reksprong iewers, of gaan kabelsweef of onderneem ‘n warmlugballon rit - al het jy hoogtevrees.

‘n Mens kan kies om vorentoe te beweeg na veiligheid of vorentoe te beweeg na groei toe. Groei moet weer en weer gekies word en vrees moet weer en weer oorkom word, aldus Abraham Maslow, Amerikaanse professor in sielkunde.

[Verwerk uit: http://www.vrouekeur.co.za/artikel.aspx?id=8222]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees en die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: Huisgenoot.com 28 April 2016]

3.1 Hoe word die uitdrukking "gesonde vel" (hoofopskrif) beklemtoon? (1)

3.2 Vir wie is Cuticura hoofsaaklik bedoel? Staaf jou stelling uit die teks. (1)

3.3 Skryf die frase *"Skin hygiene-reeks"* oor in suiwer Afrikaans. (1)

3.4 Is die voorstelling na jou mening seksisties? Motiveer jou standpunt. (1)

3.5 Wat is die doel van die herhaling van die woord "kiem" (reël 6) in reël 9? (1)

3.6 Gee die verkleiningsvorm van seep. (reël 7) (1)

3.7 Vul die ontbrekende woord in: Iemand wat vertrou kan word, staan bekend as 'n ____ . (1)

3.8 Gee 'n voorbeeld van 'n versamelnaam uit die advertensie? (1)

3.9 Hoekom is die posisie van die woorde "Vertroude" (reël 1) en "Vertrou" (reël 4). belangrik? (1)

3.10 Gee jou mening oor die geslaagdheid van die advertensie. (1)

**[10]**

**EN**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Lees en kyk na die strokiesprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**RAAMIE 1** **RAAMPIE 2** **RAAMPIE 3**

4.1 Kies die KORREKTE woord uit om die volgende stelling te voltooi: Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Deur na die internet as nuuskierig (raampie 1) te verwys, gebruik die speker …

A letterlike taalgebruik.
B personifikasie.
C ‘n metafoor.
D ironie. (1)

4.2 Dui die verkleinwoord aan in raampie 2 (1)

4.3 Die uil word beskou as ‘n simbool van wysheid. Hoe word hierdie idee versterk in raampie 2? (1)

4.4 Dui ‘n bywoord van tyd aan in raampie 2. (1)

4.5 Vervang “nou en dan” in raampie 2 met een woord. (1)

4.6 Skryf die sin “Ja, dit is sodat hulle die regte advertensies vir jou kan opsit” (raampie 2) oor in die ontkennende vorm. (1)

4.7 Gee ‘n antoniem vir die woord “opsit” in raampie 2. (1)

4.8 Die woord *opsit* ( sin 2 van raampie 2) is ‘n skeibare werkwoord(deeltjiewoord). Gebruik hierdie woord as ‘n skeibare werkwoord in ‘n goeie sin. (1)

4.9 Waarom word die woorde Simba, Woolies en Cadbury (raampie 3) met ‘n hoofletter geskryf? (1)

4.10 Dui die idiomatiese uitdrukking aan in raampie 3. (1)

**[10]**

**EN**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Lees die artikel hieronder, wat opsetlike taalfoute bevat en beantwoord die vrae wat volg.

## Droogterampfonds

Agri SA | 09 Desember 2015

*Die huidige droogte met hoë temperature is een van die (5.1) ergste natuurrampe die afgelope 20 jaar.*

1 Die gevolge van die droogte het ‘n negatiewe impak op die ekonomiese oorlewingsvermoë van talle boere, wat ook direkte (5.2) kortermyngevolge soos voedseltekorte vir (5.3 land) gemeenskappe en spesifiek ook vir boere- en plaaswerkergesinne kan

meebring. “Dit is daarom (5.4) **belangrik** dat pogings aangewend word om diegene wat in hierdie moeilike situasie is te ondersteun,” sê Omri van Zyl, Uitvoerende Direkteur Agri SA. (5.5)

2 Senwes, een van die (5.6) toonaangewende maatskapye in die land, het kragte saamgespan met Agri SA om die Droogterampfonds te stig om bystand (veral op humanitêre vlak) te gee in hierdie moeilike tyd. (5.7) Die volgende betalingswyse is beskikbaar: EFT, kredietkaart, tjek, of premietarief sms teen (5.8) R30 per sms. Van Zyl sê ook dat Hans van der Merwe, voormalige Uitvoerende Direkteur van Agri SA, tans gekontrakteer is om behulpsaam te wees met die bestuur van die fonds en die aanwending daarvan deur provinsiale organisasies.

(5.8) Ons doen weereens ‘n beroep op alle Suid-Afrikaners om die fonds te ondersteun. (5.9) Sonder u welwillendheid sal ons uiteraard nie impak kan maak op ‘n
3 droogte situasie wat tans werklik veeleisend is nie”. (5.10)

[Bron: https://www.senwes.co.za/af-ZA/Artikels/View/droogterampfonds]

5.1 Gee die trappe van vergelyking van die woord “ergste”. (1)

5.2 Verbeter die spelling van die woord “kortermyngevolge”. (1)

5.3 Skryf die afgeleide vorm van die woord tussen hakies neer. (1)

5.4 Tot watter woordsoort behoort die vetgedrukte woord? (1)

5.5 Skryf die voorafgaande sin oor in die indirekte rede. (1)

5.6 Verdeel die onderstreepte woord in lettergrepe? (1)

5.7 Wat is die funksie van die dubbelpunt in die sin. (1)

5.8 Herskryf die onderstreepte frase in die volgende sin in ‘n meer gemaklike (informele) styl. (1)

Ons doen hiermee graag ‘n beroep op die publiek om hierdie inisiatief te ondersteun.

5.9 Herskryf die volgende sin in die lydende vorm. (1)

Ons doen hiermee graag ‘n beroep op die publiek om hierdie inisiatief te ondersteun.

5.10 Watter taalverskynsel kom voor as die woord “ondersteun as “onnersteun” uitgespreek word? (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**